Geagte Ouers

Die uitdagings van die staat van inperking is ‘n werklikheid en ek wil alle ouers bedank wat met die onderwysers saamwerk om te verseker dat werk in watter formaat ook al beskikbaar gestel word. Die ondersteuning van ons ouers is ‘n riem onder die hart, want ons almal besef dat onderwysers uiters belangrik gaan wees om die beste vir ons kinders te verseker wanneer ons terugkeer. Daar wag lang ure se harde werk vir hulle, maar ek glo ons toegewyde span sal die uitdagings die hoof kan bied..

U klasonderwysers en vakonderwysers is beskikbaar, en departementshoofde, adjunkhoofde en die kantoor kan per e-pos bereik word. Terwyl ander mense wag en op ander aspekte konsentreer, het ons besluit om daadwerklik op te tree en ‘n diens te lewer. Ek is trots om deel van Sunridge te wees.

Die werk wat ons beskikbaar gestel het en in die toekoms beskikbaar gaan stel, behoort genoegsaam en ondersteunend te wees. Ons neem kennis van al die aanbiedings op sosiale media, asook aanbiedings van video’s en vele meer. Ons het sommige nagegaan en het in party gevalle gevind dat die standaard en waarde nie voldoende was nie. Dit bly egter u keuse om dit te gebruik al dan nie. Ons sal slegs aanbevelings doen en werk voorsien wat ons voel in die belang van al ons leerlinge is. Dit is vanselfsprekend dat daar verskillende menings sal wees en altyd iets beter volgens sommige mense.

Wanneer ons President die besluit neem dat ons moet terugkeer, sal ons die uitdagings trotseer. Ons is gereed vir alle omstandighede en ons gebeurlikheidsplan bly steeds in plek. Wanneer ons terugkeer, sal ons veral daarop konsentreer dat ons onderwysers volstoom aan die werk spring. Geduld en vertroue is die wagwoord terwyl ons op die uitkoms wag. Ons weet dat daar enorme uitdagings op ons wag en dat ons met “ongevalle” van ‘n ander aard te doen sal hê. As ‘n span sal ons weereens daardie uitdagings saam met u en ons Here die hoof kan bied. Geen kind sal agterbly nie en ons sal ons daarvoor beywer en nie vergelykings tref, oordeel of negatiewe gedagtes koester nie.

Met Paasnaweek in die vooruitsig glo ek dat ons almal ‘n blaaskansie kan vat en die gesinstyd kreatief met ons Here deurbring. Ek bid vir u veiligheid en vra die Here om u almal te seën en Sy hand oor ons land te hou. “Ons groei saam” is nou selfs belangriker – bly asseblief positief en onthou u kan ons skakel, Whatsapp of ‘n e-pos stuur indien u hulp nodig het.

Bly veilig

Mnr de Vries<br>SKOOLHOOF